Lydenstyd Oordenking
15 Maart 2017

Jesus het gesterf, sodat ek werklik kan lewe. (2)

Maar wat moet ek doen om werklik lewend gemaak te word?
Christene oral worstel met die uitdaging om in Jesus te lewe. Die stryd bestaan omdat ons 'n opregte begeerte het om in elke opsig aan Jesus te behoort*, terwyl ons ook besef dat ons in ons eie krag nooit in staat sal wees om vir Hom te lewe nie*.

Die goeie nuus is dat God nie net weet van ons geestelike behoefte en stryd nie, maar voorsien, te midde van ons stryd. Die Here het 'n plan gemaak:
Die Bybel sê dat ons "*saam met Christus gekruisig is*". Dit beteken dat my *"ou self"* met al sy tekortkominge, nie meer bestaan nie. As ons so glo, verstaan ons beter wie en wat ons nou in Christus geword het. En dit bevry ons van die stryd om in ons eie krag die Christen-lewe uit te leef. (Gal 2: 19 21)

Ons moet nuwe mense word.
Die manier waarop die Here besluit het om met die ou, sondige mens klaar te speel, is nie om dit te verbeter nie, maar om dit te elimineer. Dit *is* wat dit beteken om *"saam met Christus gekruisig te wees."* Ons het 'n nuwe identiteit ontvang, want ons ou identiteit is saam met Christus, gekruisig. 'n Nuwe mens het saam met Jesus uit die graf opgestaan en ons ontvang Hom in ons lewe as Redder en Bevryder.

Die eerste tree om op te staan tot 'n nuwe lewe, is om Jesus deur geloof te ontvang.
Die tweede stap is om in alle omstandighede, deur geloof in Hom, in en deur Jesus se krag te lewe.
En die goeie nuus is dat, as God se kinders, Christus deur die werk van sy Gees in ons woon en werk. Die ou mens, wat net oordeel verdien het, is dood, ja, is saam met Christus gekruisig. Ek is nou 'n nuwe mens, in deur my getroue Saligmaker, Jesus Christus.